Verslag van die VBO Forum

ALGEMENE SINODE 2023

INLEIDING:

Die VBO Forum doen hiermee verslag aan die ASM. Die VBO Forum is tans besig met die uitbreiding van die toekomsplan vir voortgesette bedieningsontwikkeling in die NG Kerk. Die VBO Forum, saam met die Algemene Kuratorium en Algemene Taakspan Predikante, beplan om nouer saam te werk vir die toekoms van opleiding en voortgesette leer en ontwikkeling van predikante binne die huidige konteks en agtergrond. Hierdie scenario ontwikkeling vind plaas teen die agtergrond van die A tot Z Beleid vir Predikanteversorging in die NG Kerk en dat VBO ‘n reis van lewenslange leer is.

MOONTLIKHEDE IN TERME VAN SCENARIO ONTWIKKELING

Tydens die scenario ontwikkeling word aandag gegee aan die volgende moontlikhede:

1. Groei na vaardigheidsopleiding

Die opleiding van leraars en diensleraars is hoofsaaklik teoreties. VBO Forum vra die vrae: “Hoe lyk goeie vaardigheidsopleiding? Watter kompetensies het leraars nodig?” VBO Forum neem dit in ag met scenario ontwikkeling.

2. Gestandaardiseerde en geakkrediteerde VBO program

Daar is ‘n behoefte om VBO te standaardiseer en dit ook te akkrediteer aan ‘n kerklike opleidingskollege. Daar moet dus gewerk word aan ‘n programontwerp vir VBO, asook akkreditasie van hierdie program.

3. Loopbaanontwikkeling, vordering en mylpale

Daar word voorgestel dat ‘n deurlopende VBO program aan die hand van fases in die bediening ontwikkel word. Dit kan skematies as volg voorgestel word:

TYDPERK (IN DIE BEDIENING)	VAARDIGHEID	MYLPAAL
Studies	Teologiese Opleiding & Seminariumprogram	
Roetemerker:	DRUMPEL: LEGITIMASIE	
1 tot 10 jaar	Bediening	Persoonlike bemeestering; sisteme uitdaag
Roetemerker:	DRUMPEL 2: HERBEVESTIGING	
10 tot 20 jaar	Leierskap	Strategiese denke; transformasie; visie
Roetemerker:	DRUMPEL 3: HERBEVESTIGING	
20 tot 30 jaar	Mentorskap	Begeleiding; opleiding; mentorskap
Roetemerker:	DRUMPEL 4: HERBEVESTIGING	
30 jaar en meer (Emeriteer)	Wysheid (Elder)	Luister; bemiddel; voorbidding

Hoe kan ons leraars begelei om tydens die verskillende fases van haar/sy lewe bedieningsvreugde te hê? Hierdie raamwerk is gebou op aantal jare in die bediening, waar leraars deur ritmes en uitdagings van die bediening begelei word en roetemerkers ingebou word om die bediening betekenisvol te maak.

Ons werk vandag nie meer met ‘n statiese bedieningsmodel waar al die gemeentes op dieselfde manier funksioneer nie. Elke gemeenskap het hulle eie uitdagings en die behoeftes verskil. Voorheen is leraars by uitsluitlik NG Fakulteite opgelei, wat tans nie meer die geval is nie. Om leraars vir hierdie bediening binne eiesoortige konteks voor te berei, is lewenslange leer noodsaaklik. Hiervoor skakel elke leraar by ‘n eiesoortige leergemeenskap (“covenant group”) in wat vir mekaar, maar ook vir opkomende generasie ondersteunend kan wees.

Die sukses van VBO is dat die aanbod so moet wees dat almal daaraan deel wil neem. Die aanbod moet aanloklik eerder as afgedwing wees.

Belangrik.

- Struktuur is die basis. Sinodes en opleidingsentra kan programme ontwikkel na gelang van behoefte.
- Vestig instandhouding en verdieping van bedieningsvreugde.
- Verdieping van bevoegdheid deurgaans nodig.

Dit is ook belangrik dat leraars in die onderskeie fases van hulle bediening deur die kerklike strukture erkenning sal kry.

4. VBO IT en toep

Daar is ‘n groot behoefte dat die hele struktuur, bestuur, data en vordering deur IT en “toeps” (apps) gedryf word. So ‘n IT-struktuur gee aandag aan rekordhouding en bevoegdheid, vordering, VBO punte, bekendstelling van kursusse, selfwerksaamheid en mentorsverslae. Die predikantebediening moet al meer gedra word deur die konsep van ‘n digitale organisasie.

5. Kapasiteite en struktuur.

5.1. VBO Forum word Taakspan by die Algemene Sinode 2023.

Die VBO Forum word volwaardige taakspan met AS begroting en kapasiteite. Taak van VBO Forum is die opstel van beleid. Die VBO Forum (wat Algemene Taakspan VBO sal word) neem verantwoordelikheid vir voortgesette opleiding, beleid, programontwerp en koördinering. Die onderskeie sinodale streke implimenteer die VBO program (soos AK met onderskeie kuratoria).

Daar word ‘n groepering (*cluster*) van taakspanne geskep wat saam en ook afsonderlik vergader en werk met opleiding en predikantesake, naamlik ATP, AK, VBO. Die filosofie van die groepering is om te werk met alles wat te doen het met die verkryging, behoud en beleid oor bevoegdheid. Deel van die groepe (AK, VBO, ATP en ABR) se rol is om in gesprek met mekaar te tree oor bevoegdheid, hoe daar hieraan gewerk moet word en hoe dit bestuur/versorg moet word.

5.2. Wat is nodig in die enjinkamer van die VBO Taakspan

Hoe bou ons voort op die A tot Z Beleid vir Predikanteversorging wat oor die hele reis wat leraars ondergaan insette gee? Die volgende moet aandag geniet:

- Verteenwoordiging uit elke sinode.
- Bemagtiging vanaf AS en Streeksinodes.
- Kapasiteit (begroting) en administratiewe steun.
- Netwerk na Teologiese Opleiding en Kerklike Opleiding.
- Kapasiteit om kurrikula te skryf en aan te bied.
- Beleidstoepassing moet elektronies kan wees - help AS en hele verband om uiteindelik digitale organisasie te word.
- Alle VBO’s word geassesseer by wyse van formatiewe en\of summatiewe assessering) om integrasie te bevorder. Standaardisering van die programme wat by die verskillende sentra aangebied word, is dus belangrik.
- VBO programme moet gestruktureerd en gefokus wees en voorsiening maak vir spesialisasie, maar tog ook kontekstueel akkommoderend wees en streeksbehoeftes aanspreek. Navorsing moet gedoen word oor watter programme effektief werk (bv by die PKN).

5.3. Daar moet aandag gegee word aan mentorskap-opleiding aangesien die VBO program geskoei is op mentor-mentee verhoudings.

6. Hibriede model

'n Hibriede VBO aanbod word ontwikkel. Daar is opleiding wat (i) aanlyn kan wees (ii) ander in-persoon en (iii) en ander aanlyn besprekingsgroepe. Die visie is om 'n predikant te bemagtig in 'n lewenslange reis van opleiding en elkeen die geleentheid te gee om deel te vorm van 'n leergemeenskap.

AANBEVELING

1. Die Algemene Sinode keur goed dat die VBO Forum deur die Algemene Taakspan VBO vervang word.
2. Die Algemene Sinode keur goed dat 'n gestandariseerde, geakrediteerde, deurlopende VBO program aan die hand van fases in die bediening (met ruimte vir eiesoortige behoeftes) ontwikkel word.